**Skriflesing: Genesis 37**
**Tema: God se plan loop ook deur sukkelende families.**

Dinge wat in jou verlede gebeur het, kan jou bind. Dikwels het dit 'n bepalende invloed op jou lewe. Kan 'n mens daarvan loskom?

Ek herinner my aan die verhaal van 2 broers wat ek iewers gehoor het. Die een broer was 'n suksesvolle middelklasman en gelukkig getroud met 2 pragtige kinders. Die ander broer het as bedelaar 'n sukkelbestaan gevoer. Op die vraag waarom hulle is wat hulle is, het hulle albei geantwoor: "Ons pa was 'n alkoholis." In hierdie verhaal sien ons dat die lewe gaan oor keuses wat ons maak. Met God se hulp kan jy van boeie en kettings bevry word!

Josef het 'n paar kettings gehad wat hom gebind het. Ons lees van sy pa Jakob in Genesis 37 vers 3-4: "[3]Van al sy seuns was Israel die liefste vir Josef, die seun wat in sy ouderdom gebore is, en daarom het hy vir Josef lang klere met moue gemaak. [4]Toe sy broers sien dat hulle pa vir Josef liewer het as vir enige van hulle, het hulle 'n afkeer van Josef gekry en het hulle niks goeds oor hom gesê nie." Josef was Jakob se eerste seun by Ragel, sy geliefde vrou. Daarom was Josef sy witbroodjie. Hy was die liefste vir Josef. Hy het vir hom 'n kleed met baie kleure gemaak. Die voortrek van sekere kinders bo ander loop in hierdie familie. Jakob se pa en ma, Isak en Rebekkka, het die een kind bo die ander liefgehad. Isak het vir Esau en Rebekka vir Jakob die liefste gehad. Aan die einde van sy lewe het Jakob Josef se jongste seun bo die oudste geseën.

Josef was 'n skinderbek en 'n windlawaai. Ons lees in Genesis 37 vers 2: "Hier volg die familiegeskiedenis van Jakob. Josef was nog jonk, sewentien, toe hy kleinvee opgepas het saam met sy broers, die seuns van Bilha en Silpa, sy pa se vrouens. Josef het slegte stories oor sy broers by hulle pa aangedra." Hy was 'n dromer wat gedroom het dat sy hele familie voor hom buig. Sy drome het op die ou end waar geword, maar hy moes dit eerder vir homself gehou het of dit met die regte gesindheid oorvertel het. Dit wil egter lyk asof hy gedink het dat hy 'n bietjie beter as die ander was.

Josef se broers het 'n afkeer in hom gehad. Hulle het niks goeds oor hom te sê gehad nie. Na sy drome word hul afkeur net groter. Sommige vertalings sê hulle het hom gehaat. Hulle was ook jaloers op hom. Sy broers wou hom eers doodmaak. Hulle het hom in 'n put gegooi en uiteindelik verkoop aan handelaars as 'n slaaf, wat baiekeer uiteindelik ook maar die dood beteken het.

Hulle het sy klere in 'n boklam se bloed gedruk en en dit vir Jakob gestuur. Almal het tevergeefs probeer om Jakob te troos.

Hierdie is 'n verskriklik ontspoorde familie. Gaan Josef uit die kettings bevry kan word?

Hier is egter 'n baie groter verhaal aan die afspeel. Dit is God se verhaal. Sy verhaal ontspoor nie soos ons verhaal nie. God is en bly in beheer. Sy plan word nie deur menslike optrede, gekonkel en jaloesie verydel nie. Hy word nie gestuit deur ons verkeerde dade nie. Hy bly in beheer en aan die werk. Hy maak gebruik van menslike suksesse en selfs van ons mislukkings. Hy gebruik onreg en tekortkominge tot voordeel van Sy koninkryk.

Ons lees van God se trou, sorg, beskerming en leiding. Hy bly 'n pad loop met hierdie ontspoorde familie. God berei vir 13 jaar vir Josef as slaaf en onskuldig in die tronk voor vir die taak wat Hy vir hom het.

Soos 'n refrein lees ons: "Die Here was by Josef en Hy het alles wat Josef aangepak het, laat slaag." Ons sien die hand van die Here deur al Josef se donker dae. Die Here belowe nie dat dit altyd met ons as Sy kinders goed sal gaan nie, maar dat Hy by ons is. Hy is met ons op pad deur water en riviere, deur vuur en vlamme.Hy loop saam met families wat worstel. Hy loop saam met stukkende families. Hy loop saam met doodgewone families soos ons s'n wat soms ontspoor.

Ten spyte van alles wat verkeerd loop, het Josef aan God vasgehou. Hoor sy getuienis in Genesis 40 vers 8 as hy die skinker en bakker se drome uitlê: "Hulle het hom geantwoord: "Ons het elkeen 'n droom gehad en ons weet nie wat dit beteken nie." Toe sê Josef vir hulle: "God ken julle drome se uitleg. Vertel die drome vir my."

Twee jaar later lê hy die farao se droom oor die sewe jaar van oorvloed en sewe jaar van hongersnood uit. Ons lees in Genesis 41 vers 16: "[16]Josef het vir die farao gesê: "Nie ek nie! God gee dié goeie antwoord vir u." en in Genesis 41 vers 39: "[39]Die farao het daarop vir Josef gesê: "God het jou dit alles bekend gemaak. Daaruit is dit duidelik dat niemand soveel verstand en wysheid as jy het nie." Ons lees in Genesis 41 vers 51 hoe die Here Josef vrygemaak het van die kettings wat hom gebind het: "Hy het die oudste seun Manasse genoem, "want," het hy gesê, "God het my alles laat vergeet: al my swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het."

Josef se verhouding met sy broers is ook herstel. In Genesis 45 vers 5-9 getuig Hy teenoor hulle: "[5]Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uit gestuur om lewens te red. [6]Dit is nou maar die tweede jaar van hongersnood in die land. Daar lê nog vyf jaar voor waarin daar nie geploeg of geoes sal word nie. [7]God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel in hierdie land te laat oorbly, om julle aan die lewe te hou en sodat baie aan die dood sal ontkom. [8]Dis nie júlle wat my hierheen gestuur het nie, maar God. Hy het my laat aanstel as die farao se raadgewer en as bevelhebber oor sy huis en as regeerder oor die hele Egipte. [9]Gaan dadelik na Pa toe en sê vir hom: 'So sê Pa se seun Josef: God het my aangestel as regeerder oor die hele Egipte. Kom na my toe. Moenie talm nie,"
Hy getuig ook in Gen 50:20 van God se plan met sy, soms ontspoorde, lewe: "Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het."

Jy kom dalk uit stukkende familie, 'n familie met witbroodjies, storiedraers of 'n familie vol jaloesie en afkeur. Moenie so aanhou nie. Maak nou die keuse om God toe te laat om jou vry te maak. Laat God toe om jou van dié kettings te bevry! Onthou, God se plan loop deur stukkende families.
**Amen**